



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

Lestitel: Kategismus

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Kategismus**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel

Kategismus

Lesdoelwit

Waarom die Kategismus van die Nuwe Apostoliese Kerk (KNAK) geskryf is.
Die struktuur van die KNAK Vrae en Antwoorde (KNAK-VA) boek en hoe dit ooreenstem met die KNAK.
Hoe om die KNAK-VA-boek te gebruik.

Lesopsomming:

Wat is 'n Kategismus?

In die vroeë Christelike tyd is volwassenes voor en na die doop onderrig gegee. Toe hierdie leerstellings op skrif gestel is, is hierdie dokumente Kategismes genoem. Die eerste Kategismus is in die 8ste eeu saamgestel en dit het die Geloofsbelydenis en die Onse Vader met verduidelikings bevat.

Wat is ons Kategismus?

- Dit is die leerstelling- verwysingsboek oor die Nuwe Apostoliese belydenis.
- Dit is belangrik om te verstaan dat die Bybel die grondslag vir ons leerstelling is. Dit bevat die breë trekke van hoofuitsprake van die Ou- en die Nuwe Testament van die Bybel, algemene basiese oortuigings van alle Christene en die spesifieke kenmerke van die Nuwe Apostoliese geloof.
- Dit dien om persoonlike kennis van ons geloof te verdiep, 'n standaard te stel vir geloofslewe en om gesprekke met ander denominasies te ondersteun.
- Deur die jare heen het die Kategismus ontwikkel en is dit deur die Apostelraad geredigeer in die weergawes soos ons dit vandag ken. Dit het sewe jaar geneem voordat die Apostelraad onder Stamapostel Lieber (van 2005 tot 2012) die jongste weergawe gepubliseer het.

Dit is hoe die KNAK gestruktureer is en dit is die hoofstukke:

- 1 Die openbarings van God
 - 2 Die Geloofsbelydenis
 - 3 Die drie-enige God
 - 4 Die mensdom se behoefte aan verlossing
 - 5 God se geboorte
 - 6 Die kerk van Jesus Christus
 - 7 Bediening
 - 8 Die sakramente
 - 9 Lewe na die dood
 - 10 Die leerstelling oor toekomstige dinge
 - 11 Vanuit die geskiedenis van die Christendom
 - 12 Godsdienste, handeling van seëninge en pastorale sorg
 - 13 Nuwe Apostoliese Christene en hulle geloofslewe
- Die groot Kategismus van 515 bladsye bevat baie inligting en gaan in groot detail in elke hoofstuk.



Die KNAK in Vrae en Antwoorde:

- Hierdie formaat is gebruikersvriendelik.
 - By wyse van 750 vrae, met antwoorde, word die lesers deur die inhoud van die Kategismus gelei.
 - Onderwerpe word in individuele vrae verdeel en bevat volledige Bybelfrases om die antwoord te verduidelik. Jy hoef dus nie die Bybel byderhand te hê nie.
 - Daar is nie baie tegniese terme nie, so dit is maklik om te onthou.
 - Daar is geen lang beskrywings nie en bevat prente en illustrasies.
 - Dit is maklike toegang tot inligting oor die Nuwe Apostoliese Kerk en ons geloof.
- Jy moet jou Christelike geloof ken om dit aan ander te kan deel. As ons die Kategismus as verwysing gebruik, is daar eenvormigheid in ons verduidelikings, met ander woorde, ons praat almal dieselfde.
- Dit is 'n belangrike verwysing vir al jou vrae gedurende jou konfirmasietydperk.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Ons het maklike toegang tot inligting oor die Nuwe Apostoliese Kerk en ons geloof.
- Hierdie inligting is in die KNAK-VA-boek in 'n gebruikersvriendelike formaat beskikbaar.
- Hierdie inligting is beskikbaar vir al ons diensknegte en lidmate, sowel as vir die publiek.
- Dit vorm die basis van alle onderrig in ons kerk. Jy sal dit in konfirmasie gebruik.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wanneer is die eerste Kategismus geskryf en wat het dit bevat?

Antwoord: In die 8ste eeu en dit het die Geloofsbelydenis en die Onse Vader met verduidelikings bevat

2. Hoeveel vrae en antwoorde is daar in die KNAK-VA-boek?

Antwoord: 750 vrae en antwoorde wat die lesers deur die inhoud van die Kategismus lei

3. Hoe weet ek dat die antwoorde op die vrae korrek is?

Antwoord: Die grondslag vir die leerstelling van ons geloof is die Bybel. Die kernuitsprake van die Bybel se boodskap word in die Kategismus aangebied

4. Wie het die nuutste weergawe van die Kategismus soos ons dit ken ontwikkel en verwerk?

Antwoord: Die Apostelsraad onder Stamapostel Lieber van 2005 tot 2012

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag, Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel, Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien, En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet, Amen